


# Immanuel: God by ons

## Christus het alles verander

**Sowat 2 000 jaar gelede het Jesus, genaamd Immanuel (betekenis: *God by ons*), die wêreld verander. In die oomblik toe 'die Woord vlees geword het', is die woorde van die Ou Testamentiese profete in die Nuwe Testament bewaarheid, want 'n nuwe Verbond het ontstaan. Jesus, ons Immanuel, het gesorg dat, danksy ons geloofsbelydenis, sonde en die dood nou nie meer kan oorwin nie, en dat die herbore Christen nie meer so pynlik alleen sou voel nie, maar die belofte van die Hemelse Lewe sou hê.**







*"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n jong vrou sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring en sy sal Hom Immanuel noem."* Jesaja 7:14

*"Kyk, die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons.* Matteus 1:23








*"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."* (Deuteronomium 6:4)

*Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here'."* (Markus 12:29)








"Ek is nie 'n God wat net naby is nie," sê die Here, "Ek is 'n God wat ook ver weg is. Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat ek hom sien nie," sê die Here. "Ek is oral in die hemel en op die aarde," sê die Here.
**Jeremia 23:23-24**

"Die Here sien oral; Hy hou slegte en goeie mense dop."
**Spreuke 15:3**



Maar Pastoor, ek wonder tog nog steeds oor die kwessie van **Immanuel God by ons.** Die Bybel stel dit klinkklaar: **Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon!** Daardie teks verwys na Jesus; ons stem saam Jesus is God... **maar Hy is nie hier nie.**






Jesus het geweet Hy sou uit die dood opstaan en het dit dikwels vir sy dissippels gesê: "Want die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word."
Lukas 9:22

**Jesus se wederopstanding was geen verrassing nie - dit was deel van God se Verlossingsplan.**




Voor Jesus se kruisiging het Hy aan sy dissipels gesê: "En ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Trooster stuur, wat vir ewig by julle sal wees."

In die oorspronklike Grieks is die woord vir 'ander' *allos,* wat letterlik vertaal as ***'n ander een van dieselfde soort.***



**Die Trooster is die Heilige Gees: God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees.**




**'Ek is oral in die hemel en op die aarde,' sê die Here.**
Jeremia 23:24




**"Laat my wandel volgens u Gebooie, want daarin vind ek vreugde."**
Psalm 119:35

***Moenie vir God vra om jou opinie te bevestig nie; vra Hom eerder om jou opinie by sy Waarheid aan te pas. (Charles Spurgeon)***




## Nee, nie drie Gode nie!

Onthou die *Sjema* wat ek vroeër aangehaal het:
"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."
(Deuteronomium 6:4)

Volgens die Christelike lering is God een God, maar drie saambestaande en mede-ewige Persone. Die drie Persone is afsonderlik, maar nogtans **een substansie, essensie of natuur.**

Matteus 28:19 is ondubbelsinnig: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van **die Vader en die Seun en die Heilige Gees."**

Volgens die Christelike leer is elke Persoon in die Godheid waarlik God, aangesien God een essensie is, maar speel elke Persoon 'n unieke rol in die verlossingsgeskiedenis en verder.

Wanneer die apostel Paulus sê die volle wese van God is in Christus beliggaam, sê hy Christus is ***wesentlik een*** met die Vader en die Heilige Gees.


Dwight L Moody, Amerikaanse evangelis

***"Die Skrif is aan ons gegee nie om ons kennis te verbreed nie, maar om ons lewens te verander."***




**Dié traktaat streef daarna om eerlik en opreg te wees. Lees mens die Bybel in sy geheel, ontdek jy die waarheid van die Drie-eenheid: God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.**

**En as daar goed is wat jy nie verstaan nie? Die oplossing is eenvoudig: Gebruik die Bybel om die Bybel te verduidelik, dan kan jy nooit 'n fout maak of onder 'n wanindruk kom nie!**



Die fundamentele waarheid van dle Drie-eenheid

## In der waarheid is en was God nog altyd by ons.

Hy is alomteenwoordig, wat beteken Hy is altyd oral. Koning Dawid skryf in die Psalms oor God: *"Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas."*

Psalm 139:7-10







*Kontakbesonderhede:*

**Neville Nevelling**

*Neville WhatsApp:* +264811285323

*e-pos:* neville@awr.org

www.bibleanswers.co.za

**Wêreldwye Selfoon-evangelisasie, Bybelstudie en Preke**

TRAKTAAT © GEORGE ROSS